Hoe om ’n boek met vilt te versier

Graad 1 tot 4

Hierdie is ’n lekker aktiwiteit vir ’n graad 1 tot 4 Drawwertjiespan. Laat elke spanlid ’n A4-groot hardeband-boek bring om te versier. Gebruik die boek vir Voortrekkerwerk.

Onderwerp: Handwerk, Voortrekkerwerk

Stappe

1. **Wat het jy nodig?**
   - ’n hardeband-boek
   - grys vilt (of enige ander kleur) vir die buiteblaaie
   - oorskietstukkies vilt in die kleure van jou keuse
   - lint
   - knope
   - borduurgare en –naald
   - handwerkgom
   - skêr

2. **So maak jy**

   Knip die grys vilt vir die voor- en die agterblad omtrent 3.5 cm groter as die blaaie self.
   Gebruik die gekleurde stukkies vilt, lint en knope om blomme te maak en lê dit uit op die stuk grys vir die voorblad.
   Werk van die knope aan die blomkerns vas en borduur klein stekies in ’n kontraskleur op van die blomblare (opsioneel). Plak die verskillende lae op mekaar vas en plak dit dan op die vilt van die voorblad vas. Plak ook die stele en blare op hulle plekke vas.
   Smeer gom aan die boek se voorblad en plak die versierde stuk vilt daarop.
   Maak die boek oop en knip kepe uit die vilt op die hoeke sodat die rande netjies binnetoe vou.
   Smeer gom op die rande, vou om en knyp vas met wasgoedpennetjies tot droog. Trek die agterblad net so met ’n onversierde grys vilt oor. (*Idees tydskrif – September 2011*).